

22 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 118:5-18
Fokusgedeelte: Psalm 118:17

Die Here laat my lewe om van sy daade te getuig

“Ek sal nie sterwe nie, ek sal lewe en van die daade van die Here getuig ...”

So verklaar die digter van Psalm 118 as hy hier vertel hoe die Here hom in sy oneindige groot liefde gered het. Hy was in die nood, nasies het hom omsingel en van alle kante bestorm. Sy vyande wou hom platloop en sy ondergang bewerk. Maar in sy nood het hy tot die Here geroep en Hy het hom verhoor en hom bevry. Die Here was by en met hom en in sy Naam het hy sy vyande se aanslae afgeslaan. Die Here – so getuig hy – is sy krag en sy beskerming, en Hy het hom gehelp en hom gered!

Al het die Here hom swaar gekasty, het Hy hom nie aan die dood oorgegee nie. Hy is daarom oortuig dat hy nie sal sterwe nie, maar deur die goedheid en genade van die Here sal bly lewe. Hy wil die Here uit dankbaarheid loof en prys en saam met al die gelowiges jubel en sing van sy kragtige daade. Hy wil sy hele lewe daaraan wy om van die Here se daade te getuig en een en almal – ook elkeen van ons – daardeur aanspoor om Hom te loof en te dank en van sy liefde te getuig. Want in sy oneindige groot liefde het die Here óns ook genadiglik uit al ons nood en ons ellende gered. Hy het sy eie Seun gestuur om ons uit die mag van Satan, die sonde en die dood te red. Hy het Hom aan die dood oorgegee, sodat ons die ewige lewe kan hê en Hom nou uit dankbaarheid kan dien en loof en prys en met blydschap van sy daade kan getuig.

Is dit waarvoor jy lewe – om van sy daade te getuig?

Sing: Psalm 118:7, 8 (1936)

Ds. AJ Myburgh (Springs)